Fokus teks: Lukas 11: 1-4, 2022.
Liedere: Gesang 175; Gesang 518; Gesang 205: 1-3; Gesang 266; VONKK 543: 1-3.

---

## AANKONDIGINGS:

- Ons deel hierdie week met groot vreugde in die verjaarsdae van twee van ons lidmate. Op Maandag 3 Augustus wens ons Jacques Erasmus en Deanu Pretorius 'n baie geseënde verjaardag toe. Mag die Here julle ryklik seën met goeie gesondheid, vreugde en vrede, en sy liefde, genade en trou elke dag opnuut laat ervaar. Ons bid dat die nuwe lewensjaar vir julle gevul sal wees met hoop, krag en baie mooi seëninge. Gelukkige verjaardag aan julle albei!
- Almal word hartlik uitgenooi om Bybelsondag 2026 op Sondag 16 Augustus om 09:00 saam met ons by die Hervormde Gemeente Zuurfontein te vier. Op hierdie besondere dag kom die gemeentes van die Ring van Zuurfontein byeen om die Bybel te vier. Almal is welkom – bring gerus familie, vriende en bure saam.

  Die deurkollekte na die erediens sal tussen die deelnemende gemeentes verdeel en daarna aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oorbetaal word om hulle belangrike werk te ondersteun. Indien u kan, bring asseblief 'n ekstra geldjie saam om hierdie

projek te help dra, sodat die Woord van God vir nog meer mense toeganklik gemaak kan word.

Moet ook nie ná die erediens haastig huis toe gaan nie. Ons nooi almal uit om saam te kuier en mekaar beter te leer ken. Daar wag lekker warm koffie, vriendelike mense en heerlike eetgoedjies. Kom geniet die oggend saam met ons, versterk bestaande vriendskappe, maak nuwe kennisse en vier die voorreg dat ons saam in die Woord, saam as kerk, 'n verskil kan maak. Ons sien daarna uit om u daar te verwelkom!

- Het jy die afgelope tyd die verlies van 'n geliefde beleef? Dan nooi ek jou hartlik uit na 'n intieme koffiegesprek op Woensdag 19 Augustus 2026 om 10:15 by die pastorie. In 'n klein en veilige groep sal ons saam gesels oor die werklikheid van rou en ontdek waarom daar geen kitsoplossing vir die pyn van verlies bestaan nie. Hierdie is nie 'n formele kursus nie, maar 'n geleentheid waar daar met deernis geluister, gedeel en mekaar bemoedig word. Om genoeg ruimte vir persoonlike gesprek te skep, is daar

plek vir slegs sewe deelnemers. Indien jy graag wil deelneem, bespreek asseblief jou plek persoonlik by dr. Hannes Janse van Rensburg. Ek sien daarna uit om saam met jou oor 'n koppie koffie te gesels en mekaar op hierdie pad van rou met geloof, hoop en omgee te ondersteun.

- Ons webblad groei steeds en het reeds 170 447 besoeke in 2026 ontvang, met lesers uit Suid-Afrika en baie ander lande wêreldwyd. Die skyfie wys ook van ons nuutste Bybelstudies, artikels en preke, wat die evangelie help versprei en mense toerus – nie net in ons gemeente nie, maar regoor die wêreld. Dankie aan elkeen wat hierdie bediening deur gebed, ondersteuning en deelname moontlik maak.

## LIEF & LEED:

- Op Woensdag middag, terwyl ek preek skryf lui my telefoon. Dit is tannie Susan Brits. Sy maak dadelik verskoning en sê dit is haar ou krom vinger wat die verkeerde knoppie gedruk het. Sy mag nie bestuur nie en verlang so baie na die kerk. Sy vra ek moet vir

almal groete stuur en sê sy verlang so baie na die erediens en die mense van die gemeente.

- Oom Jurie Botha is vanmôre 3:00 rustig in sy slaap oorlede. Ons dink aan tannie Stienie en die kinders, kleinkinders wat hierdie verlies ervaar en beleef. Verdere reëlings sal per WhatsApp deurgegee word.

## KLOK:

In Koninkrykstyd fokus ons op ons roeping om God se koninkryk in die wêreld sigbaar te maak.

## TOETREDE: Gesang 175 – Majesteit, glansryke heerlikheid!

## VOTUM:

Ons kom vanoggend voor die Here met die vaste vertroue dat sy liefde nooit ophou nie en dat sy ontferming elke môre nuut is. Sy trou staan vas, selfs wanneer ons geloof wankel en ons kragte min word. Daarom buig ons voor Hom, die God van nuwe genade en groot trou, en aanbid ons Hom met dankbare harte.

## SEËN:

Mag ons wat soveel van God ontvang, uit dankbaarheid gee en ons God elke dag dank vir dit wat ons ontvang. Alles is slegs deur sy genade.

## LOFSANG: Gesang 518 – Voel jy soms of die Here te vér is.

## DIT IS MAKLIKER OM IETS TE SÊ, MAAR MOEILIKER OM DIT TE DOEN:

Ons Here Jesus Christus het nie net gepraat oor liefde en diensbaarheid nie. Hy het opgestaan van die tafel, 'n doek om Hom vasgemaak en die voete van sy dissipels gewas. Daarna sê Hy: "*Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, sodat julle, net soos Ek aan julle gedoen het, ook aan mekaar moet doen."*

Dit is maklik om te sê dat ons Jesus volg. Dit is moeiliker om sy voorbeeld elke dag uit te leef. Dit is maklik om liefde te verkondig, maar moeiliker om dié lief te hê wat anders dink, anders lyk of anders leef. Dit is maklik om van vergifnis te praat, maar moeiliker om self te vergewe. Dit

is maklik om oor eenheid te praat, maar moeiliker om mure af te breek en hande na mekaar uit te steek.

Petrus het met oorgawe bely dat Jesus die Here is, maar later geworstel om sy eie vooroordele prys te gee. So worstel ons ook. Ons weet wat reg is, maar hou dikwels vas aan ons eie gemak, ons eie groep en ons eie belange. Daarom herinner Jesus ons dat ware dissipelskap nie net in woorde gehoor word nie, maar in dade gesien word.

Die Here roep ons vandag om met dieselfde nederigheid as Christus te leef: om bereid te wees om te dien eerder as om gedien te word; om mekaar met genade te behandel; om ons trots neer te lê en mekaar se laste te dra.

Jesus sluit sy onderrig af met hierdie opdrag: "*Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefgehad het, moet julle mekaar ook liefhê. As julle liefde*

*onder mekaar het, sal almal weet dat julle my dissipels is.*"

Mag ons daarom nie net hoor wat Christus sê nie, maar ook doen wat Hy ons geleer het. Want dit is die wil van God vir sy kerk. Amen.

### GESANG 205: 1-3; Bring lof aan die Vader.

### PREEK:

Ek wil oor die volgende klompie weke bietjie saam met julle dink oor gebed. Hoor mooi, ek wil saam dink. Gebed is een van daardie geloofsgewoontes wat ek nie altyd mooi verstaan nie.

Gebed laat my gereeld, selfs ongemaklik voel. Hoor my mooi, ek bid en ek weet gebed is kosbare kommunikasie met die Almagtige en Ewige God. En ek weet verder dat geen verhouding sonder kommunikasie gesond kan bestaan nie. Ja, ook nie ons verhouding met God nie. Vir

'n gesonde verhouding met God moet ons bid, gereeld bid.

Prof. Stephan Joubert sê vir my dat sy nuutste boek oor gebed handel. Hierdie boek het hierdie jaar verskyn en reeds baie gou by 'n derde druk uitgekom. Ons wonder of dit nie maar is omdat meer gelowiges oor gebed worstel en stoei as wat ons dink nie. Dalk praat ons nie maklik oor ons gebedslewe nie, maar ons besef dit is belangrik.

In Lukas 11 lees ons dat Jesus iewers besig was om te bid, en toe Hy klaar gebid het, vra een van sy dissipels: "Here, leer ons asseblief ook bid." Dit is my bede vir hierdie kort reeks oor gebed: "Here, leer ons asseblief ook bid."

## LUKAS 11: 1-4, 2022

1 Jesus was iewers besig om te bid. Toe Hy klaar gebid
het, vra een van sy dissipels vir Hom: "Here, leer ons
asseblief ook bid, soos Johannes sy dissipels geleer het.
2 Jesus antwoord toe: "Wanneer julle bid, sê dit: Vader

mag mense met die grootste respek van U praat en U eer.
Mag U as Koning oor almal en alles heers. [3]Sorg asseblief
vir ons met dit wat ons elke dag nodig het. [4]Vergewe ons
asseblief waar ons nie reg opgetree het nie, soos ons
almal vergewe wat verkeerd teenoor ons optree. Hou ons
asseblief veilig uit die hande van die Bose."

## PREEK:

Ek het vir prof. Joubert 'n boodskap oor gebed, sy boek oor gebed en die drie video's wat in 2023 deur hom oor gebed opgeneem is gestuur. In 'n boodskap aan my terug sê hy: Ja, gebed is tough!

Dit is die ding met gebed, gebed is ingewikkeld en moeilik, maar aan die ander kant ook maklik. Ons vergeet nie dat Paulus in Romeine 8 self sê dat ons nie weet hoe om te bid nie, maar ons bid deur die Gees.

Die boek Openbaring beskryf in hoofstukke 5:8 en 8:3-4 dat die gebede van gelowiges deur engele en ouderlinge voor God se troon gebring word, simbolies van kosbare

reukwerk. Hierdie tekste beklemtoon dat gebede 'n aangename geur voor God is en aktief deur Hom ontvang en verteenwoordig word. Ons stukkende en gebroke gebede word deur die werk van die Heilige Gees ‘n aanvaarbare en opregte gebed voor God. Daar is nie iets by die mens soos ‘n volmaakte gebed.

Die bedoeling van hierdie nadenke oor gebed is nie om ons te leer om volmaakte gebede te bid nie. Ons gedagtes gaan heen en weer beweeg en ons gaan eintlik net ‘n klompie gedagtes bespreek en op die tafel sit.

Ons gebed gaan steeds eerlik en opreg bly: *Here, help ons asseblief ook bid*.

Kom ons sit die eerste gedagte vir nadenke en gesprek op die tafel en dit is dat gebed in die eerste plek oor God gaan. Kom ons sê dit net gou meer duidelik: gebed gaan nie in die eerste plek oor my nie, gebed gaan in die eerste plek oor God.

Gebed mag ook oor my, oor my verhoudings, oor my behoeftes gaan, maar nooit is die eerste plek nie.

As Jesus sy dissipels leer bid en vir hulle die Onse Vader leer klink die eerste bede so: laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied. Sien ons die fokus op God. Ons gebed behoort altyd eers op God te fokus.

As ons eerlik is bestaan ons gebede dikwels uit 'n wenslysie. Om die eerlike waarheid te erken, ons gebede is dikwels nie net eerste op ons en ons behoeftes gefokus nie, maar geheel en al, van begin tot einde, op ons behoeftes gefokus.

Dit is amper asof ons, met groot respek gesê, by die hemelse supermark opdaag en alles bestel wat ons nodig het en graag wil hê. Dit pas so goed in by die verbruikers samelewing waarin ons vandag leef. Dit pas so goed in by die korrupte politieke samelewing van vandag wat alles wil hê, omdat alles hulle reg is.

Nee, ek bid nie in die eerste plek om te ontvang nie, ek bid om myself vir Hom te gee. Gesang 308: *Neem my lewe laat dit Heer, u gewy wees meer en meer. Neem my hande, maak hul sterk – diensbaar om vir u te werk. Neem my voete, skoei hul, Heer, met bereidheid tot u eer. Laat my mond die boodskap dra: hul sal vind wat na U vra. Neem my goud en silwer, Heer – niks noem ek my eie meer. Maak my hart vir U tot troon. Rig my wil, gevoel en daad altyd na u wyse raad.*

Bewustelik en intensioneel moet ons oefen om ons gebede in die eerste plek op God te laat fokus, dan as die fokus op God is mag ons ook vra wat ons nodig het, nie wat ons graag wil hê of wat ons verdien nie. Wat ons basies nodig het. Luister hoe leer Jesus sy dissipels bid: gee ons vandag ons dag se brood, vergeef al ons skulde, soos wat ons bereid is om ander te vergewe, laat ons nie in versoeking kom nie, verlos ons van die Bose.

Wanneer ek in gebed eerstens op God fokus en weg van my eie behoeftes as eerste opsie, raak dankbaarheid en lofbetuiging deel van my gebed. Weg van ek wil hê na ek wil U loof. Ek dink sommer aan 'n klompie lof psalms, soos Psalm 103: *Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat my sonde vergewe, ...*

Wanneer ek my seëninge so begin tel word my dankbaarheid sommer net groter. Wanneer ek op my probleme, my sorge, my uitdagings, my beproewings, my aanvegtings fokus raak ek ondankbaar ... maklik tot op die punt van bitterheid. Dan word my danklied 'n klaaglied. Dan word my dankgebed, 'n "klaag"-gebed.

Gesang 308: *laat my hart gedurig juig en van dankbaarheid getuig*. *Neem my stem en laat my sing – aan U, Here, hulde bring*.

Ek wil afsluit met nog ‘n gedagte wat ek op die tafel plaas vir nadenke en gesprek oor gebed en dit is: bid sonder ophou. Kom ons loer na ‘n paar Bybel tekste wat die gedagte vir ons openbaar:

- 1 Tessalonisense 5:17 – "Bid sonder ophou."
- Romeine 12:12 – "Verbly julle in die hoop; staan vas in die verdrukking; volhard in die gebed.
- Kolossense 4:2 – "Volhard in die gebed; wees daarin waaksaam met danksegging.
- Efesiërs 6:18 – "Doen dit alles biddend en smekend. Laat julle elke oomblik deur die Gees lei. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges."

Martin Luther was bekend vir sy intense gebedslewe te midde van 'n besige skedule. Sy bekende benadering tot die belangrikheid van gebed lui so: "Ek het vandag so baie om te doen dat ek die eerste drie uur in gebed moet deurbring. Om 'n Christen te wees sonder gebed, is net so onmoontlik soos om te lewe sonder om asem te haal. Gebed is die grendel van die nag en die sleutel van die nuwe dag."

---

Die bekende 19de-eeuse prediker Charles Spurgeon het altyd beklemtoon dat gebed met lofprysing gevul moet wees omdat God alle eer verdien: "Gebed sonder lofprysing is soos 'n voël sonder vleuels; dit kan nie opstyg na God se troon toe nie. God moet altyd die eerste en die laaste in ons gebede wees. As jy nie kan bid soos jy wil nie, bid dan net soos jy kan, maar moenie ophou om Hom te prys nie, want Hy hoor die swakste sug van Sy kinders."
Amen.

## DANKGEBED:

## SLOTSANG: Gesang 266 ~ Die Onse Vader

## SEËN:

Heer, gee vandag ons dag se brood – Staan ons by in al ons nood, ook wanneer ons so gou vergeet dat U ons dag se brood uitmeet. Heer, seën tog vandag se brood en laat

ons ander help in nood, laat ons bereid wees om te deel, want U gee altyd weer soveel. Heer, wees die lewensbrood. Vergeef ons selfsug, sodat ons uit liefde kan leef.

## WEGSENDING: VONKK 543: 1-3 ~ Leef jou lied, kom leef jou lofsange!